ng | kenridge

ons bou brûe soos Jesus

10 FEBRUARIE 2019
BIDDAG VIR OPVOEDING
EN ONDERWYS

VANDAG SE EREDIENSTE

40 Dae van Gebed—Week 3
Mattheus 5: 5—17
Die model vir gebed

8h30 Jurie Gouws
10h30 Johan Steenkamp
18h30 Christi Thirion

DEUROFFERS

Verenigende Christen Studentevereniging van Suid-Afrika (VCSV)
Die VCSV is gestig deur Andrew Murray 123 jaar gelede.
Die organisasie glo daarin om 'n generasie te lei na 'n nuwe leefstyl in Christus.
Ons het 'n groot liefde en passie vir die jeug van Suid-Afrika en streef daarna om die hande en voete van Jesus te wees en Sy opdrag uit te voer. Ons personeel leef hierdie passie en liefde uit dmv kampe, skole bediening, tersiêre bediening, uitreike & fasilitering.
Vir meer inligting skakel Jolee Gertse 021 887 0212/ jolee@vcsv.co.za of besoek ons Facebook blad **vcsv/ucsa**

Kry gerus vandag 'n kopie van Christie en Johanna Dippenaar in Tainan se nuutste **Gebedsbrief in die kerkportale** óf lees dit aanlyn by www.ngkenridge.co.za/bediening-na-buite/

KLEUTERBEDIENING VANDAG

Kleinsaal 8h30

Wikkelwurms (word 3 in 2019)
God gee my ogies gemaak
Stapsoldaatjies (word 4 in 2019)
'n Seun vir Abraham
Kleurkabouters (word 5 in 2019)
God woon in die hemel

Langsaal 8h30

Groeigoggas (word 6 in 2019)
Ons het almal sonde

KINDERBEDIENING VANDAG

40 Dae van Gebed Week 3

Jeugsaal 8h30
Graad 1
Grootsaal 8h30
Graad 2—5

TIENERBEDIENING VANDAG

40 Dae van Gebed Week 3

Kerk 9h30
Graad 6 en 7
Grootsaal 17h30
Graad 8—10
Jeugsaal 17h30

KLUB VIR AFGETREDENES

Donderdag, 14 Februarie, 10h00 in die Grootsaal. Kom kuier en lag saam met die grapjas, Rian Truter.

Almal is baie welkom by ons Valentynsoggend!

WêRELD BIDDAG VIR VROUE

Donderdag, 28 Februarie, 19h00 in die Grootsaal . Die tema is:

"Kom—alles is gereed!"

Die skrywerland vir 2019 is Slowenië.

Die spreker is Melanie Thirion.

Alle vroue baie welkom!

SYMPHONY OF PRAYERS

Donderdag, 6 Junie om 19h00 bied **AGL Opera** die produksie aan by NG Kenridge (deel van Pinkster). Bekende geestelike arias en liedere word vertolk deur onder andere Shirley Sutherland, Ntando Ngcume, Johannes van Staden-Slabbert en Raimondo van Staden-Slabbert. Die sangers word vergesel deur 'n 5-stuk orkes. **Kaartjies by Computicket te koop** @R100 elk. Winste word geskenk aan Maitland Gemeenskapskerk om kerkgebou te herbou.

Neem kennis dat die slot by die herinneringstuin vervang word met 'n digitale slot in Februarie. Sodra die werk afgehandel is, sal daar 'n kode bekikbaar wees waarmee die tuin oopgesluit kan word.

PANNEKOEK BAKKERS ASB

Daar word jaarliks by die Maastricht Kuierfees pannekoek gebak en verkoop ten bate van Ruyterwacht Senior Sentrum. Ons benodig mense om in skofte by die fees (2 Maart) te kom help pannekoek bak.

Connectgroepe en individue baie welkom!

Kontak asb. vir Margaret Olivier in die verband by Margaret@ngkenridge.co.za

FINANSIES TERUGVOER

Totale Inkomstes Maart tot Desember 2018

<u>Werklik Inkomste as persentasie Begrote Inkomste</u>

Bankkollektes en Dankoffers : (vorige maand 101.7%)	101.9%#
Verjaarsdagoffer :	65.5%#
Totaal: (vorige maand 98.4%)	98.9%#

Tekort op Werklike inkomste ontvang in vergelyking met Begrote inkomste : R85 000 (vorige maand R115 000)

100% beteken dit wat ons werklik ontvang het, gelyk is aan dit wat ons begroot het om te ontvang.

Die goeie nuus!

-die R250k tekort (einde Sept 2018) het nou al na R85k verminder (Des 2018 is die 3de maand in 'n ry wat die werklike inkomste die begrote inkomste oorskry

- die werklike kollektes en dankoffers vir 2018 YTD vs 2017 YTD is met 5.8% op

- as ons die verjaarsdagmaand insluit by bg is 2018 YTD vs 2017 YTD met 5.5% op

@NGKenridge @ngkenridge

HULP BY JEUGBEDIENING

Ons benodig nog hulp vir spesifieke klasse die jaar:

Graad 7—Seuns, kort 1 leier (werk op 'n aflosbasis).
Kontak Susan by susanj@ngkenridge.co.za
Graad 8—Dogters, kort nog 1 leier.
Graad 8—Seuns, kort nog 1 leier.
Graad 9—Seuns, kort nog 1 leier.
Graad 10—kort nog 1 leier.
Kontak Christi by Christi@ngkenridge.co.za of WhatsApp of bel: 082 728 9762

NG PAROWVALLEI-OOS SOEK DRINGEND BANDLEDE

Veral vir tromme, kitaar en baskitaar. As jy kan sing is dit 'n bonus! Eredienste soggens 09h30. Klein vergoeding vir elke optrede. Die gemeente is inklusief in die gemeenskap. Eredienste is informeel en vind afwisselend in Afrikaans en Engels plaas. Kom deel asb. jou talente by ons! Kontak ds. Theo Swart by tswart@netactive.co.za of 021 919 6511 of 083 457 1647.

Snap here to pay

SnapScan

Dit is maklik om op 10 Maart 2019 die **Cape Town Cycle Tour vir Bybels** te ry. Vir meer inligting besoek www.biblesociety.co.za

Help ons om 'n Bybel in die hande te plaas van iemand wat nog nooit een besit het nie en maak 'n verskil.

CAPE TOWN CYCLE TOUR | Cape Argus | Pick n Pay | momentum

ROTARY • PEDAL POWER ASSOCIATION

TAU SAFARI'S SANPARKE

Kaartjies vandag beskikbaar na die 8h30 diens langs die koffiewa (kontant of Snapscan).

R250 per kaartjie
(300 kaartjies word verkoop)
PRYSWENNER ontvang akkommodasie by enige Sanpark (bespreek deur Tau Safari's)
Glyskaal wildtuin verblyf pryswaardes vir die wenner: 1 Kaartjie—R16 000
2 Kaartjies—R17 000
3 Kaartjies—R18 000
4 of meer kaartjies—R20 000
plek in Kruger vir die Junie vakansie reeds bespreek
TREKKING—2 Maart, 13h00 by die Maastricht Kuierfees!
(Opbrengs uit kaartjieverkope vir feesbegunstigdes)

NG. GEMEENTE KENRIDGE | FNB WILLOWBRIDGE | Bankno: 62622466458 | Takkode: 250655 | Verwysing: Doel/JOU VAN | finansies@ngkenridge.co.za

BEDIENING NA BUITE BEHOEFTES

Badisa Trio het ’n deurlopende behoefte aan fotostaatpapier (die hof vereis verskeie afskrifte van dokumente), koeverte, ringleêrs, eksamenblokke, swart penne, toiletpapier, skoonmaakmiddels en vullis-sakke, koffie, tee, melk en suiker, klere, sop en brood, mieliemeel, geblikte proteïne , geld vir dwelmtoetse, babadoeke, -melk en wetwipes. Skenkings kan in die houers in die kerkportale gesit word of bring na die kerkkantoor gedurende die week.

Onthou ons brookblik-projek vir **Ruyterwacht!** Bring asb. gesnyde bruin brode op Sondae en plaas dit in die gemerkte houers in die kerkportale.

KENRIDGE GEBED: 10—17 FEB

40 Dae van Gebed

Matt 6: 9-11 –
“So moet julle bid: “Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; 10 laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel; 11 Gee ons vandag ons daaglikse brood;

bid vir die wêreld

Bid vir die situasie in Zimbabwe met die verslegtende ekonomiese en politieke situasie wat gepaard gaan met menseregtevergrype.

bid vir ons land

10 Februarie is Biddag vir Opvoeding en Onderwys - bid vir al die betrokke rolspelers sowel as leerders en student.

Bid in besonder vir die personeel, leerders en families van die Hoërskool Driehoek na die tragedie van verlede week.

bid vir ons gemeente se bediening na Buite

Maitland-gemeente: die heropbou van die gemeente wat ten spyte van die trauma en verlies nuwe geleenthede bied.
Zithulele: bid vir ons gemeente-afvaardiging by die vennootskapsverga-dering wat tans daar plaasvind.

bid vir ons gemeente

40 Dae van Gebed Week 3 - vir groei in kleingroepe en seën in die gemeente.
Kinderkerk en Jeug - vrywilligers.
Die Maastricht Familiefees 2 Maart en die Plaasdiens 3 Maart**.**
Herman Bonthuys wat baie siek is in die ICU – Cape Gate MC - Velma en hulle gesin.
Carel du Plessis herstel na ‘n operasie in Durbanville MC - Lisa en hulle gesin.
Jurie J van Rensburg is tuis na intensiewe behandeling. Bid vir sy verdere behande-ling - ook vir Carin en hulle gesin.
Ander mense wat herstel en verdere behandeling ondergaan - Pickles Claassen, Lenie Byliefeldt, Maxie Veldtman, Annemarie Voges, Sonya Lindeque, Jeandré - seun van Derick en Rouche Boonzaaier (hartoperasie), Oom Johan Jordaan (OWA), Ds Thijs van der Merwe van Windhoek (knievervanging)**.**
Ds Kobus van Rooyen van Bellville-Noord - broer oorlede.